**Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek**

**Borgward Club of South Africa, Southern Region**

**November 2022**

# Borgward Nuus / News


| | |
|---|---|
| *Die Nuusbrief* | *1* |
| *Die huilende man* | *1* |
| *As een van ons karre seerkry* | *2* |
| *Ons vra verskoning* | *2* |
| *Robert Schepel & Borgward* | *3* |
| *Borgward eienaar* | *4* |
| *Pizza aand* | *4* |
| *Club outing Route 44* | *5* |
| *'n Dag by Killarney* | *6* |


## Voorwoord

Welcome to our final Borgward Nuus for 2022. Although it is difficult to think that we are at the end of yet another year, we can look back at a successful year for our club with a number of highlights which included the celebration of the 61st anniversary of the club, and a number of enjoyable club events and outings.

I want to take this opportunity to thank all the members who attended the various events, outings, and monthly club meetings throughout the year, and I also want to thank those who have contributed to the Borgward Nuus during the year. The Borgward Nuus is an excellent way of communicating with the members, as well as keeping a record of club activities throughout the year, and thank you to Kees and Magda for their hard work.

Our final formal event for the year is the Christmas lunch at the Clubhouse on 4 December, and we look forward to seeing as many of our members as possible at this event. In the meantime, we wish everyone a blessed and safe festive season and wishing you all the best for the year ahead.

Groete

**Louis**

## Die huilende man

In 1997 was daar 'n Duitse motor saamtrek in Berea Park_in Pretoria. Die park is naby die stasie. Alle Duitse fabrikate motors het daar saamgetrek, en dit was gereël deur Mercedes Benz. Dit het die herkoms van die eerste motor in Suid-Afrika 100 jaar gelede herdenk. Die motor was 'n Benz Voiturette met 'n maksimum snelheid van 14 myl per uur. Die geleentheid op 4 Januarie 1897 was bedoel om die nuwe perdelose koets aan President Kruger te vertoon. Hoewel hy beïndruk was, het hy nogtans geweier om 'n uitnodiging aan te neem om in die nuwerwetse voertuig te ry.

Met die saamtrek in 1997 was die kar ook daar en hy kan nog steeds op eie stoom ry. Die kar het op 'n verhoog gestaan en die mense was aangetrek soos in daardie tyd, met oom Paul se baard en al. "Oom Paul" het toe van die verhoog afgery en met behulp van studente, om so 'n bietjie krag aan die Benz te verskaf, deur die stad en om die standbeeld van Paul Kruger en terug gery. (wat 'n wonderlike dag in my Borgward lewe!).

Nou die volgende episode. Ek was daar met my Coupé en ook die vragmotor (die KKK model) toe daar 'n bejaarde man na my motors kom kyk. Hy stel hom voor aan my en vra my of hy my 'n paar vrae kan vra en ek stem toe in. Hy vertel my dat hy aan 'n Borgward Pullman wat in 1958 deur 'n Minister Diedericks ingevoer was, as 'n motorwerktuigkundige gewerk het, en hy wonder of daardie motor nog bestaan. My antwoord was ja, en ek is besig om hom te restoureer! Hy begin toe onbedaarlik huil. Nadat hy diep asem gehaal het en tot bedaring gekom het, vra hy hoe weet ek of dit die einste Borgward is? Hy vra toe: Kan ek nog vrae vra? Hy vra my toe na die kleur van die Pullman, want hy moes dit swart laat spuitverf. Toe ek hom antwoord dat daar met die skuurwerk rooi verf tevoorskyn gekom het, begin hy weer onbedaarlik huil. Die Park was gepak met mense en ek kan nie 'n huilende man hanteer nie! Al die mense staan toe nader om te kyk wat gebeur. Ek was nog nooit so verleë met 'n Borgward byeenkoms!

**Thys Botha**

## As een van ons (karre) seerkry

Almal van ons verskil van mekaar, maar ons het een ding in gemeen – ons is almal die trotse eienaar van 'n Borgward. Dit is die band wat ons saambind en ons amper familie maak. Dit is dan ook die rede waarom dit so lekker is om mekaar van tyd tot tyd op uitstappies te sien. Dit is terselfdertyd die rede waarom ons, soos met die laaste uitstappies, dit so jammer vind as ons getalle so min is – ons verlang sò om ons ander lede ook te sien! (Die spreekwoord sê nie verniet "Hoe meer siele, hoe meer vreugde.") Omdat ons "familie" is, wil ons ook graag weet van mekaar se lief en leed – "gedeelde smart is halwer smart, maar gedeelde vreugde is dubbele vreugde"!



Wat geld vir ons lede, geld natuurlik ook vir ons karre. Ons weet daar is 'n spesiale band tussen 'n Borgward en sy eienaar. 'n Mens kan amper sê kar en eienaar word een! Dit is dan ook die rede waarom dit vir ons almal so erg is as een van ons karre in 'n ongeluk beskadig is, soos onlangs met Louis se Coupè. Die onmiddellike reaksie nà die ongeluk met al die whats- apps bewys dat die lede baie meelewend is. Om die kar op 'n foto te sien, is baie erg, maar om op die ongelukstoneel af te kom was baie onstellend, en 'n mens het baie jammer gevoel vir Louis. Ek dink ons kan ons almal vereenselwig met Herman Engelbrecht wat dit so mooi verwoord het: "Skokkend! So bitterlik jammer, Louis. Jou Koepee skitter nog altyd diep in die hart van ons klub. Baie sterkte." Ons hoop om die kar in die nabye toekoms weer in sy volle glorie op die uitstappies te sien! Sterkte aan almal wat dit gaan moontlik maak.

**Kees**

## Ons vra verskoning

Die vorige nuusbrief het 'n paar berigte (koerantuitknipsels) gehad waarvan die skrif dalk 'n bietjie moeilik leesbaar was. As 'n mens die letters groter sou maak, het die Borgwards al hoe langer geword en al meer soos Limousines begin lyk, wat 'n belediging sou wees! Jammer vir die inspanning om dit te lees, maar ek en Magda het ons bes met die uitleg probeer – sien dit maar as 'n

gratis oogtoets!!

Kees

‘

## ROBERT SCHEPEL EN DIE BORGWARD

Ek is gebore in n vissers dorp genoem Delfzijl in die Provinsie Groningen in die noorde van Nederland. Vandag is dit die derde grootste hawe in Nederland.

Daar was n groot motorhawe in Delfzijl. Hulle was die enigste agentskap vir GM en Borgward. In 1948 was my vader die werkswinkel bestuurder by die motorhawe, so ‘n mens kan maar ek sê dat ek in n Borgward gebore was. In 1955 emigreer ons na Suid Afrika. Ek was maar net 7 jaar oud. Ons het op 31 Julie 1955 in SA aangekom.

In Goodwood was daar toe ‘n Borgward Agentskap met die naam Model Garage. Dit het aan Gerald Wolman behoort. (Sien ons nuusbrief van Augustus 2022).

Later is die Model Garage se naam verander na Wolman Motors. My vader het daar gewerk as werkswinkel voorman. Hy het ook later n groot Diesel werkswinkel geopen. Omdat hy ‘n ingenieur was het hy baie veranderinge aan die Borgward vragmotors gedoen, spesiaal vir die Suid Afrikaanse klimaat en berge. Omdat dit suksesvol was is die inligting na Duitsland gestuur waar hulle die veranderinge aangebring het, spesiaal vir die vragmotors wat vir SA bestel was.

In 1957 koop my vader n nuwe Borgward motor vir 810.00 pond.

In 1960 begin my vader sy eie motorhawe. Dit was Atlantic Fuel en later BP South Africa. Die naam het toe verander na Schepels Petrol & Diesel Services. Ons het hoofsaklik op Borgward produkte gewerk. Ek was toe 12 jaar oud.

Na skool moes ek by die motorhawe in die werkswinkel gaan help. Ons het toe die Borgward onderdele direk uit Duitsland ingevoer. Die Borgward Klub was in 1961 gestig. (Sien ons nuusbrief van Oktober 2022) Ek het in daardie tyd Falko Nowack leer ken. Hy het toe by die klub aangesluit, en deur hom het ek ook lid geword.

In 1965 is my Vader oorlede, en my moeder het aangegaan met die motorhawe. Sy was a baie goeie sakevrou. In 1965 het ek as n vakleerling begin as Passer en Draaier. Borgward was my eerste liefde en ek koop toe my eerste Borgward. Dit was ‘n 1960 Borgward Sedan en ek het baie met die motor geëksperimenteer en my eerste wedren gery en gewen.

In +- 1968 het die Borgward klub gedink dit is ‘n goeie idee om n motor op te bou en dit te gebruik op die Somerset-Wes Helldrivers baan. Die Borgward is gekoop en die klublede het saam gewerk in my werkswinkel. Die klub het besluit dat ek die bestuurder moes wees. Ons het groot sukses gehad met die Borgward. Elke wedren was die hele klub teenwoordig. Ek het die motor vir drie jaar bestuur. My Borgward pad motor het ek verander deur n 6 silinder Volvo engine te installeer. Daarmee het ek baie “Hill climbs” gewen ( Heuwel Wedrenne).

In1969 kwalifiseer ek as Passer en Draaier en neem toe die motorhawe oor.

In 1971 koop ek my Borgward Coupe. Nadat ek die kar gerestoureer het, wen ek die Concours De Elegance. Ek besit die motor 52 jaar en dit is nou 62 jaar oud.

Ek het in 1975 gekwalifiseer as n motorwerktuigkundige. Ek het dieselfde motorhawe toe gekombineer met die Pas en Draai afdeling. My moeder het aangehou werk en is in 2014 oorlede. Nou is dit my vrou Mary en seun Robert en ek wat nog aangaan.

Die motorhawe is nou 62 jaar oud en ons gaan nog sterk aan.

**Robert en Mary Schepel.**

# Om 'n Borgward eienaar te wees

As jy 'n Borgward eienaar is, is jy iemand besonders, want die Borgward is 'n besonderse kar. Jy is 'n "gesiene" en opvallende mens, want waar jy ook al ry, sien mense jou raak omdat die kar so opvallend is. As jy 'n Borgward besit, is jy baie bevoorreg, want hulle is baie skaars, en daarom is daar baie mense wat hom begeer. Eksodus 20 sê jy mag nie jou naaste se goed begeer nie, m.a.w. niemand mag my Borgward begeer nie, maar jy mag wèl net so een begeer. As jy 'n Borgward het, is jy, of eintlik jou kar, baie gesog om die kar beskikbaar te stel vir advertensies, matriekafskeide, troues en ander spesiale geleenthede. As jy 'n Borgward besit, het jy rede om dankbaar te wees, want min mense kry die kans om te kan sê: "Ek het 'n Borgward." As hy in 'n mooi kondisie is, het jy ook nog rede om trots te wees! (As hy nie mooi is nie, behoort dit 'n uitdaging te wees om hom onder hande te neem!)



Maar, en dit is 'n belangrike maar! As jy 'n Borgward het, is daar baie verantwoordelikhede waaraan jy moet voldoen! Jy mag nooit vergeet dat die kar al "bejaard" is nie, en daarom moet jy hom met die nodige respek behandel – geen gejaag, of vinnig wegtrek nie. Hy moet sover moontlik binnenshuis gestoor word, en jy moet hom gereeld neem vir 'n uitstappie – nie op 'n reëndag nie, en verkieslik nie op grondpaaie nie.

As jy 'n Borgward eienaar is, is daar nog een baie belangrike vereiste waaraan jy móét voldoen: Jy moet hom geniet! En hoe doen mens dit? Gaan ry met hom! Gaan spog met hom, jy mag maar – eintlik kan jy nie anders nie, want dit is nou eenmaal 'n spoggerige automobiel! Daar is nog iets wat dit so lekker maak om met 'n Borgward te ry, en dit geld veral vir 'n konvooi – Jy helder ander motoriste se dag op, hulle geniet dit om 'n Borgward te sien ry, en veral die ouer garde raak nostalgies. Kom ons ry!

**Kees**





# Pizza aand – "Buon Appetito".

Saterdag 5 November het ons weer ons jaarlikse Pizza aand gehad by die LouisRina Pizzeria, 'n Familie besigheid in Durbanville. Louis en Rina se seun is 'n baas bakker wat die pizzas met groot behendigheid met die "pizzagrawe" in die oond sit en weer uithaal. Rina en haar dogter en kleindogters was baie bedrewe met die rollers om die lekker dun basisse uit te rol. Daar is nie spyskaarte om van te bestel nie – al die gaste koop voor die tyd al die bestandele vir die "topping" van hulle pizza en bring dit saam om self hul eie pizza te bou. Dis altyd 'n baie gesellige atmosfeer, en as die eerste pizza's uit die oond kom, is ons almal al lekker honger en lyk dit watertand lekker! Die een se pizza lyk lekkerder as die ander een, en jy moet maar net wag tot dit jou beurt is.



Nadat ons almal lekker geëet en gekuier het, is die aand afgerond met 'n baie verfrissende "ingly" nagereg – vrugteslaai met roomys, en 'n lekker koppie boeretroos. 'n Hartlike dank aan die Van Jaarsveld familie vir 'n baie genoeglike aand!!

**Kees**

## Club Outing to Root 44

Sunday 23 October was a beautiful day for our planned outing to Root 44 which is situated between Stellenbosch and Somerset West just off the R44. With only the members from the Durbanville area planning to join the outing, we met at the Durbanville Rose Garden, with Danie van Jaarsveld and his family meeting the small group to see us off and wish us a good trip to Root 44.

The group was made up of Louis and Rina, Kees, Johan de Villiers and John and Liz. Unfortunately, Evert was in hospital at the time, having fallen ill shortly before the outing, so he was not able to join us for the outing which was a great pity. (Fortunately, Evert has been discharged from hospital in the meantime and has recovered well).

Johan brought his 1964 Opel Rekord on the outing, while Louis brought his newly restored Borgward bakkie, adding to the variety of cars in the small group (Borgward Coupe, Borgward Bakkie, Borgward Sedan, and Johan's Opel). At Root 44 we requested to park the cars in front of the buildings which gave us the opportunity to showcase them to the many visitors to this very popular venue.

We were able to find a nice table in a quieter part of the venue, and then each person chose their meal from the large variety of stalls selling deliciously prepared food, with of course some wine to go with the meal. Johan's son Jan-Daniel, and his girlfriend Alettie, joined us for the meal, and we enjoyed chatting to them.

All in all a very enjoyable day out with our German cars and Borgward friends.

**Liz McEwan**







# ‘n Dag by Killarney

Op Sondag die dertigste Oktober was dit die Jaarlikse motor skou op Killarney. Ongelukkig kon net sewe lede hul motors inskryf en is ‘n perseel vir agt motors aan ons toegeken. Die getal het nog verder afgeneem toe Louis se motor onderweg na die gronde in ‘n botsing beskadig is soos op ons groep whats app bekendgemaak is. Dit het gemaak dat die motors so geparkeer kon word dat besoekers gemaklik kon beweeg. In ons voorste ry was die stasiewa (Combi), Coupé en sedan van Johan Bruce, Kees Beekman en Dolf. Agter was die ‘58 Sedan van Lucas, die ‘58 TS van Osmond en die ‘60 Sedan van Pierre.

Heelwat besoekers het met ons kom gesels oor hul vorige en huidige verbintenisse met Borgward. Een so ‘n besoeker is ‘n huidige eienaar wat nie van die klub geweet het nie, maar nou wil aansluit. Daar was ook ‘n werktuigkundige van Wolman Motors wat nog bedrywig is met sy eie werkswinkel in Somerset Wes. Die inligtingsborde, veral die een met die geskiedenis van Borgward, is met belangstelling deur heelwat verbygangers gelees. Die ander motorklubs was ook goed verteenwoordig met, Alfa Romeo’s, Mercedes, Renault, Sunbeam, Morris, Jaguar, Porche, Triumph M.G. en Early Ford.

Daar was nog ‘n verskeidenheid ander uitstallings van trekkers, ouer resies en “performance” motors en baie groot vragmotors, en –nog groot vragmotors! Ons hoop dit moedig meer Borgward eienaars aan om volgende jaar hul motors in te skryf.

**Johan de Villiers**






## Om oor na te dink

1. Met  verbeelding kom jy dikwels verder as met kenis.
2. Wie die klein dingetjies nie eer nie, het dit vroeër nooit geleer nie.
3. As ‘n vriend jou vra om hom geld te leen, dink goed welke van die twee jy wil verloor.
4. Hy wie die langste kwaad is, verloor altyd.
5. Tel weghardloop van jou probleme ook as ‘n sport?
6. As jy alles vooruit weet, gaan jy lê voordat jy val.
7. Dit is maar goed dat niemand hoor wat ek soms dink.
8. As jy struikel oor ‘n koordlose internet, is jy regtig moeg.
9. Moenie altyd ‘n verskoning soek nie, soms is die waarheid beter.
10. As die plan nie werk nie, verander dan die plan! Moet nooit die doel verander nie.



**Kees Beekman**

### Nuusbrief Redaksie:


**Kees Beekman (082 579 0527)**

**beekman@cosmoprop.co.za**

**John McEwan (082 882 0599)**

**jnmcewan@gmail.com**

**Louis v Jaarsveld (083 687 86)**

**lvjaarsveld@mweb.co.za**